



Verwysing: 20160406-9230
Lêer: 5/8/4/1/2
Navrae: A Henriques

Omsendbrief: 0015/2016

Vervaldatum: 31 Maart 2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde:
IBB-koördinerings- en -advies, Prinsipale en Voorsitters van Beheerliggame van alle
artikel 21 gewone openbare skole

*Kort opsomming: Geleentheid vir artikel 21-skole om skryfbehoeftes en
skoonmaakmiddels te bestel vir gebruik in 2017.*

**Onderwerp: Bestelling van skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels in die 2016-/17-boekjaar
vir artikel 21-skole**

1. Let asseblief daarop dat hierdie omsendbrief slegs op artikel 21-skole van toepassing is.
2. Artikel 21-skole is in Omsendbrief 0004/2015 in kennis gestel van die twee afsonderlike kontrakte wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) aangegaan is sowel as die bestelproses wat gevolg moet word, soos uiteengesit in die genoemde kontrakte.
3. Prinsipale word hiermee in kennis gestel van 'n geleentheid in Mei en Augustus 2016 vir artikel 21-skole om skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels direk vanaf die diensverskaffers te bestel wat deur die WKOD gekontrakteer is.
4. Die voordele om by hierdie diensverskaffers te bestel, sluit in vergelykenderwyse laer pryse per item sowel as aflewering by die skool.
5. Daar word versoek dat die volle bestelling vir die 2017-skooljaar gedurende Mei 2016 direk by hierdie diensverskaffers geplaas word om te verseker dat skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels voor die aanvang van die nuwe skooljaar afgelewer word. Betaling vir skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels wat ontvang word, moet direk by die diensverskaffer vereffen word.

6. Indien u bewus sou word van die behoefte vir die aankoop van addisionele skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels vir gebruik in 2017, sal 'n aanvullingsgeleentheid weer gedurende Augustus 2016 aan artikel 21-skole gebied word.
7. Bestellings vir skryfbehoeftes vir skole in alle onderwysdistrikte moet by die volgende diensverskaffers geplaas word wat deur die WKOD gekontrakteer is.

Masiqhame Trading 1057 CC
Blinkwater Crescent 30
Edgemead
7441
Telefoonno.: 021 558 9947
Skakelpersoon: Mnr G Daniels

8. Bestellings vir skoonmaakmiddels sal by twee verskillende diensverskaffers geplaas word wat deur die WKOD gekontrakteer is.
- 8.1 Die bestellings vir skoonmaakmiddels vir skole in die metropool se onderwysdistrikte, moet direk by die volgende diensverskaffer geplaas word:

RC Suppliers
Klaverstraat 14
Sybrand Park
Rondebosch
7700
Telefoonno.: 021 696 9361
Kontakpersoon: Me R Blankenaar

- 8.2 Die bestellings vir skoonmaakmiddels vir skole in die landelike onderwysdistrikte, moet direk by die volgende diensverskaffer geplaas word:

Amanthi Traders CC
Nicestraat 2
Uitzicht
7550
Telefoonno.: 021 976 7938
Kontakpersoon: Me M Gouveia Ferreira

9. Katalogusse wat items vir skryfbehoeftes en skoonmaakmiddel bevat, sowel as die prys per item is hierby aangeheg. Verseker asseblief dat u slegs na die katalogusse verwys wat op u onderwysdistrik van toepassing is. Die pryse soos voorsien, sluit aflewering by u skool in.

10. Dit is baie belangrik vir skole om sorgvuldig te werk te gaan wanneer hulle bepaal hoe hulle die norme en standaarde en ander skoolfondse gaan bestuur om sodoende aan al die nodige leerder- en skoolvereistes te voldoen.
11. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

GETEKEN: PA VINJEVOLD

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-04-13